# BEGUNSTIGING VAN DIE OMGEWING
## EN ONDERSTEUNING VAN PLAASLIKE GEMEENSKAPPE

NUUSBRIEF
SEP 2019

## MOBIELE SAKE-EENHEID
### DRYF ENTREPRENEURIËLE GROEI

Entrepreneurs en mikro-sakeondernemings geniet ondersteuning van 'n mobiele sake-eenheid wat deur De Aar Soler Power befonds word.

Dit is 'n eerste van sy soort in die Noord-Kaap en bied toegang tot sake- en administrasiedienste in Hanover, Britstown, Phillipstown en De Aar. Bykomend hiertoe reis sake-adviseurs saam met die eenheid om entrepreneurs met raad en mentorskap by te staan.

Die mobiele sake-eenheid is deel van 'n groter inisiatief, die Big Shake-up Sakeversnellingsprogram, wat ten doel het om geleenthede vir vroue en die jeug te skep en hulle met die nodig vaardighede toe te rus om 'n sake-onderneming te bedryf, ongeag hul opvoedingspeil.



*"Aangesien 32% van die bevolking van die Pixley Ka Seme-distrik jeugdig is en 51% vroue is kyk ons na maniere hoe ons hierdie groepe kan ondersteun," sê* ***Hlengiwe Radebe, direkteur vir ekonomiese ontwikkeling De Aar Solar Power.***

## DIE BOU VAN 'N STERK LEESGRONDSLAG



*"Ek dink lees is 'n fundamentele lewensvaardigheid. As jy nie kan lees nie kan jy nie veel doen nie. Hierdie kinders het regtig hulp nodig. Ek wil hulle graag ondersteun. Ek wil help om meer geleenthede vir hulle te ontsluit en sterk grondslag te bou,"* ***sê Aloicius Marks.***

Aloicius Marks, 'n leesassistent vir gr. 3-leerlinge by die St Johns Primary School, help leerlinge om hul leesvaardighede en taalkundige ontwikkeling te verbeter as deel van De Aar Solar Power se geletterdheidsprogram.

Leesassistente speel 'n belangrike rol aangsien onderwysers nie altyd aan leerlinge die hulp kan gee wat hulle nodig het om op te vang nie, veral nie in klasse met tot 40 leerlinge nie.

## WELKOM AAN ONS BEAMPTE VIR EKONOMIESE ONTWIKKELING



De Aar Solar Power verwelkom Harrisinah Theka in ons midde!

Harrisinah het haar loopbaan as omgewingsaktivis begin. Dit het haar belangstelling in mense en gemeenskapsgebaseerde organisasies geprikkel. Sy is uiters geskik vir haar nuwe rol. Sy sal vir die uitvoering van die sonkragaanleg se sosio-ekonomiese ontwikkelingsprojekte verantwoordelik wees.

*"Ek put bevrediging uit die suksesvolle implimentering van gemeenskapsinisiatiewe, veral wanneer ek kan sien dat dit 'n positiewe verskil in mense se lewens maak."*

## BYKOMENDE HULP IN WISKUNDE OP 'N JONG OUDERDOM NOODSAAKLIK

De Aar Solar Power se geletterdheidsprogram help in samewerking met wiskunde-assistente en wiskundeklubs om leerlinge in die grondslagfase se wiskundepunte te verbeter.

Leo-Patrick Mackay, 'n wiskunde-assistent by Kareeville Primêre Skool, glo hy speel 'n belangrike rol om 'n sterk grondslag in wiskunde te lê.



*"Groter klasse beteken dat onderwysers nie in staat is om die nodige tyd en aandag aan kinders wat agter geraak het kan gee nie. Dit is 'n bose kringloop aangesien leerlinge en onderwysers dan sukkel om later op te vang."*

## ONS ONDERSTEUN NAVORSING OOR FETALE ALKOHOLSINDROOM




De Aar Solar Power ondersteun die Stigting vir Alkoholverwante Navorsing (FARR). Die stigting is besig om in die Britstown-omgewing uit te brei.

FARR bied ondersteuning in die vorm van opvoeding en bewusmakingsveldtogte en sal navorsing oor die impak van fetale alkoholsindroom in dié gebied doen.